


KOERSVAS

Jaargang 3 Uitgawe 54 16 Januarie 2015



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings

REDAKSIONEEL

Kom ons wees eerlik.

Aan die begin van nog 'n kalenderjaar wens die redaksie van Koersvas al ons lesers 'n positiewe gesindheid toe. Om te wil stel, alle voorspoed, is nie realisties nie. Elke mens se lewenservarings en -uitdagings wiegel op die wipplank van goed en sleg. Juis daarom die wens tot positiewe gesindheid. Dit maak 'n mens moedig en standvastig in tye van swaarkry en storms en nederig en dankbaar in tye van voorspoed. So 'n gesindheid werk met die veronderstelling wat ons in die Doopformulier leer, naamlik dat God alle kwaad van ons wil afweer, òf dit ons ten goede wil laat meewerk. (*Rom 8:28 Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.*)

Bondsgemeentes het 'n liefde vir die waarheid en moet ook voortdurend die gevolge dra van opstaan vir die waarheid. Ons word steeds verguis omdat ons nie die leuen in 54/69 wil aanvaar nie. Ons gaan nie ophou om te kies vir die waarheid nie.

Deel van 'n positiewe gesindheid is eerlikheid en liefde vir die waarheid. Wie nie daarby bly nie, moet eweneens die gevolge dra. Enige gevolglike

ontevredenheid oor straf en slegte gevolge spruit uit die donker put van selfsug en hebsug wat enige optrede regverdig as dat ons **self** dinge tot ons beswil wil laat meewerk. Hierdie eerste redaksioneel van 2015 het 'n baie negatiewe, maar baie relevante oorsprong. Die groot lawaai wat daar tans gemaak word oor die gekullery met die matriek 2014 eindeksamen het betrekking.

Die gemeenskap maak al lank baie van die matriekresultate. In die beginjare van Afrikaner geleerdheid was matriek bitter min beskore. Jongmense kon met 'n standaard ses sertifikaat by die polisie aansluit of gaan werk. Die uiters bevoorregtes kon universiteit toe gaan. Ons oupas en oumas kan nog vertel van 'n ouboet wat eie opvoeding moes prysgee en gaan boer of myne toe gaan sodat die jongeres hulle geleerdheid kon kry. Die dwarslat van minimum prestasie het mettertyd opgeskuif en matriek het onontbeerlik geword. Selfs in 'n tyd dat grade en ander tersiêre kwalifikasies nodig is, moet jy steeds jou matrieksertifikaat kan wys.

Kom ons wees eerlik. Nie almal kan spog met 'n matrieksertifikaat nie, daar is diegene wat nooit daardie mylpaal sal kan

haal nie. Dit maak 'n persoon nie minderwaardig nie en die gemeenskap moet eerder die beheptheid met 'n matrieksertifikaat temper. Iemand wat nie matriek kan slaag nie, het ander vaardighede. Die werkgewer weet wat van so 'n persoon verwag kan word. Om te kul en dus te bedrieg en iets te "verwerf" wat jou nie toekom nie, plaas druk op jouself omdat verwagtinge van jou gekoester word waaraan jy nooit sal kan voldoen nie!

Kom ons wees eerlik. Dit is somtyds angswekkend om op jou eie vermoëns om te redeneer en te onthou staat te maak. Die kulgogga was nog altyd daar. Daar is mense wat meer op hulle vermoë om nie uittevang te word nie, vertrou as op hul akademiese vaardigheid. Afloer en afskryf was maar nog altyd daar. In baie skole, universiteite en werksplekke vind kullery plaas. Dit is onaanvaarbaar en moet gestraf word. Anders verminder die waarde van alles wat almal bereik.

Enige persoon wat wegkom met 'n gekullery, kry tog iets wat hy/sy nie verdien het nie. Dit verminder die waarde van die kwalifikasie van diegene wat hard gewerk het en aan al die vereistes voldoen het. Die kul-sertifikaat plaas almal onder druk omdat mense aangestel word op grond van iets wat hulle nie kan vermag nie en dit lei tot kwaliteitsverlies. Een loertjie in sekere staatsdepartemente is genoeg bewys dat onderkwalifikasie lei tot allerlei verval.

Kom ons wees eerlik. Daar is diegene wat op aansoeke lieg oor hulle kwalifikasies. Dit gebeur nie net in hoë profiel gevalle nie. Sommige mense verneuk deur nie eens die moeite te doen om in eksamens af te skryf nie, maar sommer direk 'n vervalste sertifikaat te druk of koop. Ons as gemeenskap het nodig om alle kullers aan

te vat. Die wat afskryf in die eksamenlokaal, die wat toesig moet hou - maar kullery toelaat, die wat sertifikate vervals, die wat die kulkwalifikasies koop. Almal wat deel uitmaak van slenter rondomtalies moet gestraf word. Betyds gedoen, kan dit dalk toekomstige dwaaloë en kuldiplomas ontmoedig, en die waarde herstel aan kwalifikasies met laatnag wakkerbly, moeite, talle opofferings en ware vaardighede verwerf.

BERIGTE

Ds Lewis Strauss berig as volg

Beste kollegas, skribas en sekretariële beamptes van Bondsgemeentes

JONGMENSE IN BLOEMFONTEIN

Bloemfontein gaan elke jaar deur seisoene, dit is nou behalwe die snikhete somers en bitterkoue winters. Ek praat van seisoene van mense. Die vakansieseisoen as almal by die see is en die ou groot dorp van ons stil word. En dan die inval deur die studente wat almal laat weet hulle is hier.

Dit is nou weer sulke tyd.

Graag nooi ek u om te laat weet van enige jongmens wat hierheen kom. Ek sal hulle graag verwelkom en ook by ons Gemeente laat inskakel. Ek sal ook perspektief kan gee oor die oriënteringsprogramme by die Universiteit wat beslis nie Christelik gedrewe is nie, Kougomkamp ten spyte. Ons as gemeente is nie by die Kougomkamp betrokke nie, ons "ou Kerk" via sy studentestandplaas wel.

Baie seënwense met u werksaamhede en die Heer se seën u toegebied.

Bondsgroete

KENNISGEWINGS

• Bestuurskomitee

Ds Frans Marais laat weet: Ons vertrou dat u 'n geseënde kerstyd agter die rug het en

wens aan u 'n voorspoedige 2015. Soos u weet is alles vinnig besig om na normaal terug te keer. Wat die werksaamhede van die GHG betref is dit dieselfde, daarom word u uitgenooi na die Bestuurskomitee vergadering:

DATUM: Vrydag 23 Januarie 2015.

TYD: 10:00

PLEK: Meyerspark gemeente.

Lidmate en ampsdraers wat oortuig is dat daar sake is wat deur die komitee hanteer moet word, is welkom om die versoek aan die sekretaris te stuur. Sake wat u op die agenda geplaas wil sien, moet op die laatste 18 Januarie 2015 die sekretaris bereik.

• **LEWENSbrood 2015**

Daar is 100 LEWENSbrood III ekstra bestel. Daarvan is nog net 30 oor. Kontak Annetjie Joubert @ 0829218200 te Premiemyn indien u een wil aankoop @R80. Alle bestellings moet teen 25 Januarie afgehaal wees.

• **Bybelvasvra**

Hiermee 'n hartlike uitnodiging tot deelname aan die Bybelvasvra DV 2015.

BESTEK

Josua hoofstukke 1 tot 6 en 24 uit die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling en Sondae 9 tot 22 van die Heidelbergse Kategismus (oor die 12 Artikels)

VOORGESTELDE DATUMS

Gemeente: Elke gemeente eie vasvra indien so verkies op datum self vasgestel

Streek: Naweek van 14 - 16 Augustus in streeksverband soos self in streeksverband georganiseer

Finaal: Sondag 30ste Augustus om 16:00 per faks of E-pos. Niemand hoef eie dorp of distrik te verlaat nie.

VERDERE REËLINGS

Reël asb self plaaslik na goeëddunke. Ek sal nader aan die tyd DV kommunikeer in

verband met reëlings vir finale rondte en saamstel van vraestelle ens.

Mag almal in u gemeente wat deelneem se geloof deur die studie versterk word!

Ds LJ Strauss - Voorsitter Komitee vir Jeug en Kategese

• **Drukwerk** Geloofsbond Pryse 2015

Paul en Ella help graag met:

Kalender R8-30 elk

Verlofregister R24-75 elk

Kwitansie R16-90 elk

Offergawe R6-60 elk

Dames Kwitansie R14-45 elk

Konsistorie R22-35 elk

Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk

ella@teamworkprinters.com

BANKBESONDERHEDE:

Naam: **GHG** (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

Rekeningnommer: **6243 092 3088**

Takkode: **250 655**

Belangrike skakels om te gebruik:

Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

Webblad (Audio-preke van Bondspredikante weekliks hier beskikbaar.)

<http://www.geloofsbond.co.za/>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/geloofsbond>

StedsHervormers

Webblad

<http://www.steedshervormers.co.za>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/pages/StedsHervormers/118368828245168>

Plaas gerus foto's en inligting van u funksies op die Geloofsbond se blad.

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

MW PACKAGING

by 018 381 1494.

